

7 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 13:44-50**  
**Fokusgedeelte: Matteus 13:45-46**

### **Die skat van die koninkryk van die hemele ontdek ons**

Hierdie gelykenis beskryf die vreugde van die burgers van God se koninkryk. Die vreugde is veel groter as die feit dat 'n skat gevind is. Die eintlike vreugde is dat burgers van God se koninkryk deur die grootste skat denkbaar gevind is.

In die gelykenis van die kosbare pêrel word ons gekonfronteer met dié gewetensvrae oor dit wat vir ons kosbaar is, asook dié dinge waarna ons elke dag soek. Jesus vertel dat 'n handelaar besig is om pêrels te soek. In sy soektog kom iemand by hom aan en gooi die inhoud van 'n sakkie op die tafel uit. Hy sien daardie pêrel wat meer kosbaar is as al die pêrels wat voor hom lê. Hy kan dit nie ignoreer of vergeet nie. Hy verkoop alles wat hy het om daardie pêrel te koop, want sodoende het hy alles wat hy nodig het. Was dit blote toeval dat daardie pêrel voor hom uitgegooi is? So vra ons ook of die koninkryk van God iets van 'n toevalligheid of moontlik 'n saak van verdienste van my kant is? Die skerp punt van hierdie gelykenis benadruk dit dat die pêrel eintlik 'n geskenk was. Die klem val in die gelykenis nie op hom wat vind nie, maar op dit wat gevind word.

God se koninkryk kom na die mens toe. Laat ons egter ook beseef dat hierdie genade van God geen mens ooit passief maak nie. Mense moet hierna soek, nie soos 'n oester iewers onder die see nie, maar sommer daar in hulle werksplek en reg voor hulle oë. Dit is juis daar waar God se kinders ervaar hoe hulle nie die skat ontdek nie, maar hoe die skat hulle ontdek. Hierdie skat is tog op die einde nie 'n ding nie, maar 'n Persoon. Die skat waarom dit gaan, is die skat in en deur ons Here Jesus Christus.

Juis daar waar die groot skat ontdek word, kan niemand maar net aangaan en leef asof niks gebeur het nie. Genade bring ook hande en voete in beweging. Genade roep om gehoorsaamheid en dankbare reaksie. Juis op hierdie wyse word dinge wat altyd vir my belangrik was, minder belangrik. Die glans van ander dinge verdof juis daar waar dié pêrel gesien word. Ons beseef sodoende dat ons geseën is met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (Ef. 1:3).

Sing: Psalm 71:2 (Totius)

Dr. FP Kruger (Meyerspark)